VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Reneé Boshoff, Attie Coetzee, Monniek Faul, Corrie Ferriera, Jess Jackson, Lorraine Lombard, Ig Nothnagel, Ansie Smit.
Maandag:	Henry Bailey, Danie Malan, Rentia Robbertze, Lucille van Heyningen, Tertia van Zyl.
Dinsdag:	Jean-Marie Barnard, Werner de Leeuw den Bouter, Petro Koch, Jan Kotzé, Careen Scholtz, Francois van Rooyen, Cornél van Zyl.
Woensdag:	Johan Kritzinger.
Donderdag:	Jannie Lötter.
Vrydag:	Brian Bentley, Tania Hough, Nicola Koch, Wynand Muntingh, Gawie Thirion.

Seën vir vrouemaand

Die God van Eva leer ons om te dans.
Die God van Miriam omring ons met mense
wat ons kan dra wanneer ons swaarkry.
Die God van Debora leer ons hoe om braaf te wees in elke stryd.
Die Christus van Marta en Maria leer ons die kuns van balans.
Die Christus wat die vrou met bloedvloeiing genees het,
sal ook ons pyn genees.
Die Christus van Maria Magdalena
stuur ons ook uit om ons storie te vertel.
Die Gees van Vrou wysheid leer ons hoe om elke dag te leef.
Die Gees wat oor Maria gekom het,
laat ons ook leef in die krag van die Allerhoogste.
In die naam van Christus wat die herinnering en die hoop van die toekoms is.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee.
Onthou asb. die regte verwysing.
Bankoffer vir dankoffer tydens erediens
Dankoffer vir maandelikse dankoffer

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 7 AUGUSTUS 2022

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING: LUKAS 12:32-40
TEMA: GEREEDHEID IS GESEËNDHEID!

Geen kategese vandag
as gevolg van die skole-vakansiedag.
Geniet julle af-dag!

DEUROFFERS: **Teologiese Kweekskool**

Die Kweekskool vorm die fakulteit van Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Sedert 1859 word predikante van die NG Kerk-familie hier opgelei. U voorbidding word gevra vir die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, veral hulle wat met hulle gemeentejaar besig is. Die dekaan, dosente en personeel moet ook aan God opgedra word, sowel as die nuwe studente wat tot die bediening geroep mag word.

***Volgende week**: Instandhouding van ons geboue*

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Webblad: www.nghottentotsholland.co.za
Direkte Erediens-uitsendings: http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH/
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

TEGNIESE HULP BENODIG VIR UITSENDINGS BY TEHUISE

Ons Gemeente bedien drie aftree– en versorgingsoorde in ons omgewing op Sondae, deur ons erediens regstreeks daar uit te saai. Kontak gerus die kerkkantoor (admin@nghottenttotsholland.co.za) as jy deel wil raak van hierdie bediening. Tans kry elkeen in die span een maal per maand 'n diensbeurt.
Ons wil graag die frekwensie van die diensbeurte minder maak - en hoe groter die groep vrywilligers is, hoe minder diensbeurte hoef elkeen te doen.
Die uitsendingsopstelling is nou vereenvoudig en behels 'n paar drade wat gekoppel moet word en dan projektors en klanksisteem wat aangeskakel moet word. Ons sal jou ook nie in die diepkant ingooi nie, maar jou help totdat jy gemaklik is om alleen aan te gaan.

"Omdat hy My liefhet, sal ek hom red,"
Sê die Here,
"omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm.
Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor;
In sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel."
- Psalm 91:14&15

Wie het lus om die Tuinroete Camino van Hoop te stap?

Hierdie roete, waaroor tans 'n program op Kyknet uitgesaai word, is 'n nuwe staproete wat onlangs amptelik deel geword het van die *Camino roetes van Hoop* in Suid-Afrika.
Dit begin by Uniondale, en eindig by die vuurtoring in Mosselbaai. Jy kan die volledige roete van 250km stap, of net die helfte. Jy dra ook nie jou eie bagasie nie.
As jy vanaf 10 November wil saamstap op hierdie roete, of net meer inligting daaroor wil hê, kan jy gerus die kerkkantoor skakel.

Bybelgesprek - elke Woensdag 08:45–09:45 - Familiekamer

God hou aan om lief te hê

Ons gaan weer ***Hosea 2*** lees en daaroor gesels. Somtyds lyk alles so verkeerd en sleg en mens wonder hoekom God nie ingryp en help en ons gebede beantwoord nie. In hierdie hoofstuk kom ons agter dat God juis sulke moeilike tye gebruik om met ons 'n nuwe begin te maak en ons te laat besef ons hulp kom slegs van Hom. God kan net nie anders nie as om ons beste belang te soek nie!!

Jy is meer as welkom om deel van hierdie gesprek te word.

Liefde na Buite

Rusthof Skool vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes

'n Gemeentelid is die Verbruikerstudie: Kosproduksie (wat lank gelede as Huishoudkunde bekend gestaan het) onderwyseres by hierdie skool en is ook verantwoordelik vir fondsinsamelings. Sy doen dit deur die kinders koekies en lekkernye te laat bak (wat ook deel van hulle leerplan is) wat dan aan die personeel en leerders verkoop word. Ons kan haar hande sterk en die winsgrens help hoër maak deur die volgende bestanddele te skenk.

Koekmeelblom	Bakmargarien
Suiker	Versiersuiker
Klapper	Caramel Kitspoeding
Marie Beskuitjies	Eiers

Macassar Primêr het ons gebede nodig

Ons gemeente is die afgelope twee dekades bevoorreg om die evangelie aan die kinders in hierdie skool te bedien. Op hierdie manier het ons ook goeie verhoudinge met die personeel gebou.
• Bid asseblief vir die personeel van hierdie skool, wat met baie uitdagings te doen het, en wat die gevaar loop om moedeloos te word. • Bid vir kinders wat sukkel om gesag te aanvaar en wat min ondersteuning tuis ontvang. • Bid vir mense wat bereid sal wees om te help om op Maandagmiddae - in skooltyd - te gaan help om lessies aan kinders aan te bied. • Dat ons as gemeente die wysheid ontvang hoe om vir hierdie gemeenskap *in die bres te tree (lees Psalm 106:23)*